



Eerlikheid oor apartheid.

Eerlikheid is 'n vars bries wat die bedompige lug van loopgraaf-denke en standpuntinname kan suiwer. Om oor sommige sake eerlik te wees, verg moet, en om in die RSA van die 21e eeu eerlik te wees oor iets wat tot misdaad teen die mensdom verklaar is, verg leeu-durf. Die Skietlood wil beide partye, sH en die NHKA, oproep tot eerlike besinning en opregte erkenning. Die NHKA hou vol dat die kerk die teologiese regverdiging van die sisteem verwerp het, terwyl sH telkens die NHKA daarvan beskuldig dat die kerk apartheid tot sonde verklaar het op grond van 'n nuwe teologiese paradigma. As vertrekpunt vir die ondersoek na die kruisvat, word die teks van die 54/69-vonk net weer aangehaal:

VERWERPING VAN APARTHEID

Die 69ste Algemene Kerkvergadering maak in die lig van die 68ste Algemene Kerkvergadering se besluit dat dit verkeerd was om 'n bepaalde regeeringsbeleid (apartheid) goed te praat, onomwonde die uitspraak dat apartheid nie teologies geregverdig kan word nie. Die Kerk verwerp sy goedkeuring van apartheid omdat dit

- in stryd is met die evangelie van Jesus Christus
- gebaseer is op die idee van onderlinge onversoenlikheid
- onreg sanksioneer
- die beeld van God in mense aantast

Die vergadering beklemtoon die Bybels-teologiese aard van die verklaring.

Motivering

Ons ken geen ander evangelie nie as die evangelie van God se liefde in Christus wat van ons eis om met ander deernis te hê soos God met ons deernis het. Daarom kan ons die apartheidsisstème in kerk en samelewing nie anders as inherent mensonterend sien nie.

Terwyl die aantasting van menswaardigheid op geen manier Bybels, teologies of moreel geregverdig kan word nie, dring die evangelie sowel mense wat deur onregverdige strukture bevoordeel is as dié wat nie bevoordeel is nie, om sulke regverdigingspogings te weerstaan.

Kom ons ignoreer vir 'n oomblik die duidelike *ultra vires* (daar is glad nie so 'n besluit tydens die 68e AKV geneem nie, kontroleer gerus met die *notule*) aard van die verwysing na die 68e AKV asook die teologiese besware teen die inhoud soos onder andere verwoord met "beeld van God in mense". Die teks verwys na "regverdig" en "goedkeuring van apartheid". Dit is duidelik dat die teks ten doel het om die goedkeuring van 'n besondere beleid te verwerp. Hierdie punt word herhaaldelik in die media herhaal en beklemtoon. Dr Dreyer (70e AKV voorsitter) het in sy onlangse radio onderhoud dit weer bevestig. sH lidmate en ampsdraers moet hierdie punt toegee: Die NHKA het enige teologiese regverdiging van apartheid ongenuanseerd verwerp. Die Skietlood gaan egter vir 'n verdere oomblik stilstaan by hierdie aspek van die besluit. Dit wil tog lyk asof sH se stelling dat daar 'n teologiese verskuiwing plaasgevind het, reeds hier na vore kom. 'n Subtiele verskuiwing het geskied, van 'n meer Calvinistiese siening na 'n Lutheraanse teologie. Die Lutheraanse teologie verstaan die verhouding tussen kerk en staat op soortgelyke wyse as wat Augustinus dit verstaan het. Hiervolgens regeer God die wêreld op twee maniere; naamlik deur die skepping (wat regering insluit) en deur Sy Word en Evangelie. Al is die twee ryke interafhanklik, het elk 'n eie gesagsarea. Kerk kan nie vrede bewaar nie en die regering kan nie redding bewerkstellig nie. Die gevolg is dat kerk en staat absoluut van mekaar geskei is. Calvinisme aan die ander kant stem saam dat kerk en staat nie aan mekaar ondergeskik verstaan moet word nie. Elkeen het 'n eie gesagsarea, maar Calvyn het die staat eerder as Christenstaat gesien. Dit is daarom eie aan Calvinisme om die staat te probeer kersten en met ander woorde sekere beleide goed te keur en ander te verwerp. Die "verkeerd was om 'n bepaalde regeeringsbeleid" van 54/69 moet daarom verstaan word as 'n besluit vanuit 'n Lutheraanse teologie. Die NHKA moet hierdie subtiele verskuiwing erken, dit is geen sonde nie, net die agterlaat van 'n meer Calvinistiese geskiedenis.

Die tweede saak wat duidelik gestel moet word, is dat die NHKA apartheid tot sonde verklaar het sonder om die woord sonde te gebruik. Kom ons laat die teks self praat: “Die Kerk verwerp sy goedkeuring van apartheid omdat dit”... Waarna verwys hierdie “dit”? Die vae (swak of dalk juis weldeurdagte?) formulering maak dit nie onmiddellik duidelik waarna die “dit” verwys nie. Die vier punte wat daarna aangehaal word, moet ondersoek word. “in stryd is met die evangelie van Jesus Christus”. Hierdie verwysing kan wees na die goedkeuring van die beleid, wat sin maak binne die Lutheraanse konteks. Aan die ander kant kan die sin verwys na die beleid self. Sinonieme is woorde of frases met dieselfde betekenis. “Teen die evangelie” en “sonde” is sinonieme. Die vraag is nou na die sonde, is dit die goedkeuring of die beleid wat sonde is? Gelukkig is daar drie ander stellings wat hierdie eerste stelling ondersteun en dit duidelik maak waarna “dit” verwys. “gebaseer is op die idee van onderlinge onversoenlikheid, onreg sanksioneer, die beeld van God in mense aantast.” Geen goedkeuring van ‘n beleid kan hierdie gevolge hê nie, net die beleid self. Dit kan daarom met ‘n sterk mate van sekerheid gestel word dat die “dit” waarna verwys word, die beleid van apartheid is. Dit volg daaruit dat daar met sekerheid gestel kan word dat **54/69 apartheid tot sonde verklaar het**. Die teks kan dan sò interpreteer word: “Die Kerk verwerp sy goedkeuring van die beleid van apartheid omdat die beleid sondig is”. Die motivering ondersteun hierdie gevolgtrekking. “Daarom kan ons die apartheidsisteem in kerk en samelewing nie anders as inherent mensonterend sien nie. Terwyl die aantasting van menswaardigheid op geen manier Bybels, teologies of moreel geregverdig kan word nie,” Die Skietlood het al gewys op die **teologiese verskuiwing** wat nodig is om hierdie uitspraak te maak. Hierdie verkuiwing was ook **duidelik tydens die onlangse onderhoud op RSG waartydens dr Dreyer implisiet die WARC van 1982 se Ottawa konferensie gelyk gegee het en die NHKA se 1983 reaksie as verkeerd impliseer het**. Met hierdie opmerking van Dreyer het die NHKA eintlik die rug op homself gekeer. Dit is egter nie hier ter sake nie. Dit het tyd geword dat die **NHKA eerlik erken dat**

apartheid tot sonde verklaar is, selfs al gaan dit lidmate onstel. (So terloops, mensonterend en “beeld van God in mense” ondersteun die aanklag van panenteïsme, met ander woorde vreemde teologie wat ‘n Staat van Belydenis regverdig.) Die Kerk moet na sy eie besluit luister: “dring die evangelie sowel mense wat deur onregverdig strukture bevoordeel is as dié wat nie bevoordeel is nie, om sulke regverdigingspogings te weerstaan.” Enige poging om te ontken dat die NHKA besluit het om apartheid tot sonde verklaar, is ‘n poging tot regverdiging van ‘n sisteem wat volgens die besluit self mensonterend is. Daarmee saam moet die NHKA erken dat daar nie die nodige waagmoed was om besluite konsekwent deur te voer nie. Teenstanders van die Volkskerk konsep verstaan dit (verkeerdelik) as ‘n vorm van apartheid. “die apartheidsisteem in kerk en samelewing nie anders as inherent mensonterend sien nie.” **Konsekwente optrede sou wees om die konsep van Volkskerk by die 70e AKV te verwerp, ten spyte van tegniese struikelblokke. Tog het dit nie gebeur nie**.

Die Skietlood bevind:

- Die NHKA het die teologiese regverdiging van apartheid verwerp,
- Die NHKA het apartheid verklaar tot sonde,
- Die NHKA het van teologiese basis verskuif, sy eie verlede verwerp.
- Die NHKA “weerstaan” nie sy eie regverdigingspogings nie; aangesien Volkskerk steeds in die Kerkorde is sonder enige AKV beginselbesluit wat dit verwerp nie.
- Die NHKA het nie by sy 70e AKV aktiewe pogings tot eenwording met die MRCC begin nie. In lyn met die WARC en die WCRC se vereistes en verwagtinge, en in lyn met 54/69, sou dit mos die konsekwente optrede gewees het!

sH gemeentes moet kennis neem dat daar ‘n denkrigting in die samelewing en die NHKA is wat Volkskerk as apartheid en sonde verstaan. NHKA gemeentes sal onder die opsig moet optree teenoor persone wat voorstanders is van Volkskerk en lidmate moet tug wat teen integrasie is.

Die Skietlood beweer: Die dwaasheid van 54/69 en die teologie wat die neem van hierdie besluit ondersteun, **gaan deur die eeue eggo as die NHKA se “dood in die pot”**.